

EENVOUDIGE 20M DIPOOLANTENNA VIR VELDWERK

Hierdie antenna kom uit die CQ DL van 7/2001 en geen oorspronklikheid vir die skrywer word hiermee geïmpliseer nie. Dit is 'n eenvoudige 20m antenna wat vinnig en maklik vervaardig en opgesit kan word.

Die volgende materiale word benodig:

- Een stuk +/- 300mm lank en 50mm dia. PVC afvoerpyl.
- 2 Afsluitstukke vir die bo- en onderkant om die hanger aan vas te maak en waterdig te maak en onder om die SO259 in te huisves. Dié twee afsluitstukke pas binne-in die PVC-pyl. (Dis sulke doppe)
- 'n Buisie PVC lym
- Fyn skuurpapier om oppervlaktes vir lym voor te berei.
- 10m "twin flex" soos wat u vir 'n tafellampie sou gebruik. Dié draad se impedansie is naastebly 70 – 75 Ω .
- Twee porselein isolators vir die antenna se eindpunt-hegting. (Moet asseblief nie sommer tou direk aan die draad vasmaak nie – dit krap die hele SWR-ding deurmekaar!)
- 'n Bietjie geduld en 1 uur tyd!!.

Gaan as volg te werk:

- Boor twee 2mm gaatjies REG OORMEKAAR, sowat sowat 20mm vanaf die een ent van die PVC-pyl en 'n tweede 5mm gat sowat 25 mm vanaf dieselfde ent. 'n Tweede 5mm gat word geboor sowat 25 mm vanaf die ander ent van die pyl. (Raadpleeg foto vir detail)
- Neem die "twin flex" en trek presies 5,4m daarvan uitmekaar. Neem 'n klein bandjie (cable tie) om te voorkom dat dit verder vanmekaar losskeur.
- Voer die twee enkeldrade nou vanaf binne in die PVC-pyl na buite. Dis die twee bene van die dipool. Heg die porselein-isolators aan beide ente.
- Neem die orige "twin flex" en voer dit van binne na buite deur die boonste 5mm gat.
- Draai dié draad nou styf teenmekaar om die buitekant van die pyl totdat slegs 'n kort deel daarvan oor is wat deur die 5mm gat na binne gevoer word. Gebruik "cable ties" om die windings in plek te hou.



- Maak 'n gat in .stuk waardeur

die SO259 pas en skroef dit aan die sok stewig. Dié SO 239 moet ene wees met 'n flens wat voorkom dat dit in die rondte sal draai. Voer die orige draad deur die tweede 5mm gat na binne. Soldeer die twee eindpunte van die "flex"-draad aan die SO259 vas. As u nou die afsluitstuk onderstebo in die pyp indruk word die SO259 sommer ook teen nattigheid beskut.

Lym die boonste en onderste afsluitstukke deeglik in die PVC-pyp vas. Sorg dat die vlakke olievry is en effe grof geskuur is sodat die PVC-lym 'n byt daaraan kan kry. Laat droog vir die voorgeskrewe tyd.



Hang die antenna op en toets die SGV. **GEEN BALUN WORD GEBRUIK NIE!!!**
Pas die lengtes van die twee bene van die dipool aan vir die laagste SWR. My antenna se SGV is 1:1.2
Die bandwydte is besonders goed, myne kon gemaklik die hele oudio gedeelte van die 20m band dek.
U kan 'n multi-dipool daarvan maak deurdat u bv twee ekstra drade daaraan vassoldeer.

